en hulle omgewing is wat Canty vaslê, meestal gedurende hierdie tyd van die dag, het hy juis dié atmosfeer in sy landskap geslaagd uitgebeeld.

Waar Bowler, Baines en selfs Peers die Suid-Afrikaanse landskap van buite gesien het, toeskouers op 'n afstand was en die natuur weegegee het as panorama of uitgesterkte vergesig, was Canty saam met Volschenk en Oerder een van die eerste skilders wat deurgedring het tot die gees van die Suid-Afrikaanse landskap (ons voel dit in die intimiteit van sy skilderye). Saam met Oerder was hy die eerste skilder van die Transvaal, en, die belangrikste, Canty kan beskou word as die eerste uitbeelder van die Bosveld, 'n voorganger van Pierneef en Erich Mayer.

'n Verdere verdienste van Canty was dat hy, soos Baines, Bowler en Peers, die waterverfmedium gebruik en ontwikkel het in sy uitbeelding van die Suid-Afrikaanse landskap. In Engeland waar die gebruik van hierdie medium so snel en groot gegroei het, leen die klimaat hom by uitstek tot die nat en klam effekte wat met waterverf bereik kan word. Sy kennis van, en vaardigheid in, hierdie medium het Canty benut om mistige bergagtige Suid-Afrikaanse streke vir ons in aantreklike landskappe vas te lê.

Met sy werk het David Canty 'n bydrae gelewer tot die Suid-Afrikaanse landskapskilderkuns wat nouliks besef word, 'n individuele bydrae gekenmerk deur 'n sterk persoonlike ontwikkeling.

R. van Graan.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

Germino, Daube, *Beyond ideology. The revival of Political Theory.* Pp. ix, 254. Harper & Row, New York, Evanston and London, 1967.

Metrowich, F. R., *Africa and Communism. A study of successes, set-backs and stooge states.* R2.60, pp. 261. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1967.

Ramm, A., *Germany, 1789—1910. A Political History.* R8 40, pp. 517. Methuen & Kie, Londen, 1967.

Sauerman, Greta, *Somer van die Rooi Gariep.* R1.80, pp. 193. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1967.

Seton-Watson, C., *Italy from Liberalism to Fascism.* R12.00, pp. 772. Methuen & Kie, Londen, 1967.

Webster, J. B. and Boahen, with H. O. Idowu, *The growth of African civilisation. The revolutionary years. West Africa since 1800.* R1.83, pp. xv, 343. Longmans, 1967.